Navrae
Enquiries MNR. S. ROOS
Imibuzo
Telefoon
Telephone (021) 467-2444
Ifoni
Faks
Fax (021) 467-2398
Ifeksi
Verwysing
Reference 6/3/2/4
Isalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF: 0086 \ 2001
VERVALDATUM: GEEN
AAN: ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, VOORSITTERS VAN BEHEERLIGGAME, HOOFDE VAN INRIGTINGS EN ERKENDE WERKNEMERSUNIES

*KORT OPSOMMING: Hierdie omsendbrief omskryf die nuwe prosedure ten opsigte van die advertering van Staatsdienspersoneelposte*

ONDERWERP: **NUWE PROSEDURE TEN OPSIGTE VAN DIE ADVERTEER VAN STAATSDIENSPERSONEEL POSTE**

1. NUWE PROSEDURE T.O.V. DIE ADVERTEER VAN STAATSDIENSPERSONEEL POSTE

1.1 Tans berus die verantwoordelikheid by die WKOD om vakante nie-opvoederposte (Staatsdienspersoneel) aan skole te identifiseer en te adverteer. Ten einde die werksaamhede verbonde aan die uitbring van 'n vakaturelys te verminder, is daar besluit om die meegaande PS1 vorm (Advertering van Poste: Staatsdiens-personeel) in gebruik te neem.

1.2 Die onus om vakante poste te identifiseer en te laat adverteer berus voortaan by hoofde van inrigtings in samewerking met die betrokke beheerliggame.

1.3 Slegs poste waarvoor 'n volledig ingevulde en ondertekende PS1 vorm ontvang is, sal geadverteer word.

1.4 Hoofde van inrigtings word dus versoek om die meegaande PS1 vorm te reproduseer vir toekomstige gebruik.

2. **VAKATURELYS PS 2/2001**

2.1 Die WKOD bring gedurende Augustus 2001 'n vakaturelys uit waarin poste van Algemene Assistent geadverteer sal word. Enige vakante poste van Administratiewe Klerk en Algemene Voorman wat moontlik nie by Vakaturelys No PS 1/2001 van 31 Mei 2001 ingesluit is nie, kan ook in hierdie nuwe vakaturelys geadverteer word.

2.2 Hoofde van inrigtings word versoek om, ten einde die vakante poste van Administratiewe Klerk, Algemene Voorman en Algemene Assistent in die eerskomende vakaturelys te laat adverteer, ingevulde PS1 vorms teen 31 Julie 2001 by Hoofkantoor (vir aandag mnr. V. Loverlot) in te dien.

3. Bevestiging van ontvangs van PS1 vorm deur die WKOD kan teen 6 Augustus 2001 vanaf die betrokke kringbestuurders verkry word.

4. U samewerking in die bostaande verband word hoog op prys gestel.

HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2001.06.26

# WESTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT/ WES KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT

## ADVERTISEMENT OF VACANCIES (PUBLIC SERVICE) - ADVERTERING VAN POSTE (STAATSDIENSPERSONEEL)

| EMIS NO/ EMIS NR | COMP. NO/ KOMP. NR. | AREA/AREA | CIRCUIT NO./ KRING NR. | CURRENT STUDENT INROLEMENT/ HUIDIGE LEERLINGINSKRYWING | INSTITUTION/ INSTANSIE | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | ADDRESS/ ADRES | |
| | | | | | TELEPHONE NO/ TELEFOON NR | |

### POSTS TO BE ADVERTISED/ POSTE WAT GEADVERTEER MOET WORD

| POST TYPE/ POS TIPE | NUMBER/AANTAL | REASON FOR VACANCY/ REDES VIR VAKATURE |
|---|---|---|
| ADMINISTRATIVE CLERK/ ADMINISTRATIEWE KLERK | | |
| GENERAL FOREMAN/ ALGEMENE VOORMAN | | |
| GENERAL ASSISTANT/ ALGEMENE ASSISTENT | | |
| OTHER/ ANDER (SPECIFY/ SPESIFISEER) | | |

| SIGNATURE/HANDTEKENING | |
|---|---|
| PRINCIPAL/PRINSIPAAL | DATE/ DATUM |
| CHAIRPERSON: GOVERNING BODY/ VOORSITTER VAN BEHEERRAAD | DATE/ DATUM |

| FOR HEAD-OFFICE USE ONLY/ SLEGS VIR HOOFKANTOOR GEBRUIK | | |
|---|---|---|
| ESTABLISHMENT CHECKED/ DIENSSTAAT GEKONTROLEER | DATA CAPTURED/ DATA TOEGEVOER | |
| SIGNATURE/ HANDTEKENING | SIGNATURE/ HANDTEKENING | CONTROL NO./ KONTROLE NR. |
| DATE/ DATUM | DATE/ DATUM | |